**10 Mei**

## Hoe ouer ... Hoe jonger

**Skrifgedeelte: Psalm 92 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 92:13-16**

Die meeste mense het ’n spesiale lied. As dit oor die radio gehoor word, bring dit herinneringe van ’n troudag, ’n vriendskap of ’n besondere geleentheid weer helder in die gedagtes na vore.

Psalm 92 is net so “spesiaal”. Week na week is dit met vreugde en oorgawe op die sabbatdag gesing. Soggens en saans het die digter ’n ongekende honger om al God se werk in ere te roep. Hy wil getuig, hy wil sing, hy wil musiek maak en sonder ophou daarvan vertel. In sy eie lewe het God se goedheid ’n diep indruk gemaak. Terwyl alles rondom hom vergaan, ontvang hy van die Here krag soos dié van ’n buffel. Sy lewe word een groot oorwinningsfees.

Hy vergelyk sy verhewe posisie met palmbome en die hoë seders op die Libanon. Die bome is diep in die grond gewortel en kon deur geen winde omgekeer word nie. Van ver af was die hoë toppe op die horison al sigbaar. Hierdie bome is simbolies van die digter se lewe.

Ten spyte daarvan dat soveel dinge rondom die digter vergaan, sien hy hoedat God steeds groei bewerk. Teen die gang van die sterflike natuur in, bring die Here lewe. Menslik gesproke neem die mens se krag af namate hy ouer word, maar vir die gelowige is dit anders. Selfs in hulle ouderdom, sal hulle nog toeneem in krag.

Vir die gelowige beteken ouderdom dan juis die Here se seën. Soos die bome skadu gee, die wortels stewig geplant is, en die blarekroon juis sy prag vertoon, is dit ’n teken van lewe en groei.

Geen wonder dat die digter so seker is daarvan dat sy lewe nie sal vergaan nie, maar juis elke dag deur die Gees vernuwe word met krag en lewenslus.

*Sing: Psalm 1:1, 2 (1936-beryming)* *Ds. Petrus J van Blerk (Vereeniging-Oos)*